PERSVERKLARING

# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

Kontak:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING
12 Desember 2018

## VERBOD OP ALLE VUURWERKE IN HESSEQUA

Die Uitvoerende Burgemeesters Komitee besluit van 28 November 2018 oor die afvuur van vuurwerke in die Hessequa streek, is herroep. Die Raad het die bevoegdheid om 'n algehele verbod op die afvuur van vuurwerke en Chinese lanterns in die Hessequa munisipale area te plaas en is in lyn met relevante wetgewing.

**DIE AFVUUR VAN ENIGE VUURWERKE OF CHINESE LANTERNS IN DIE HELE HESSEQUA STREEK IS VERBODE.**

'n Beroep word op alle inwoners en besoekers gedoen om geen vuurwerke af te vuur nie en saam te werk om Hessequa vuurwerk-vry en brandvry te hou.

Die versoek hou verband met die uiters droë toestande risiko en brandgevaar in die omgewing en die gepaardgaande streng waterbeperkings.

Persone wie vuurwerke afvuur, sal hulself skuldig maak aan 'n misdryf en beboet kan word met 'n boete van R1,000.00 ingevolge die Vuurwerke Verordening.

Navrae rakende die herroeping van die Uitvoerende Burgemeesters Komitee, afvuur van vuurwerke item besluit, kan gerig word aan die Uitvoerende Burgemeester se Media Beampte, Me Deseree Jansen by Tel: 028 713 8011 of per e-pos djansen@hessequa.gov.za .